

KERK-IN-SUID

***Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.***

1. 1 Petrus 2:5

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.



OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

Hoe het 1 Petrus 2:5 die afgelope tyd jou denke oor kerk begin vorm?

As jy die woord “lidmaatskap” hoor wat beteken dit vir jou werklik? Probeer hierin eerlik met mekaar wees binne julle veilige ruimte. (Ons kan net groei as ons eerlik krities met ons eie gedagtes oor ‘n saak omgaan)

KOM ONS BEGIN**Die eerste gemeentes**

Die kerk lyk vandag verseker baie anders as hoe die eerste gemeentes gelyk en gewerk het. ‘n Mens sou met opreg kritiese vrae kon vra of die kerk van vandag steeds oor dieselfde rede bestaan as wat die eerste gemeentes gedoen het. Daar is verseker nog baie ooreenkomste maar daar is ook dinge wat nie vandag deel is van ons nie. Lees Handeling 2:41-47 en reflekteer op die volgende vrae:

- 1) Wat is die ooreenkomste tussen kerk vandag en toe?
- 2) Wat is die verskille?
- 3) Wat is die ononderhandelbare doel wat nooit moet verander nie?
- 4) Wat dink julle moet vandag by Kerk-In-Suid verander om seker te maak dat ons nie ons doel van kerk mis nie?

KOM ONS LEES

1 Korintiërs 3:10-14

INHOUD & GESPREK

Elkeen van ons is bouers van hierdie gebou (die kerk). Ons almal is lewende stene wat ingemessel word vir die doel van die gebou. Paulus deel in Korintiërs die verantwoordelikheid waarmee ons hierdie bouwerk aanpak. Hy noem dinge wat moet gebeur en hy noem dinge wat definitief nie moet gebeur nie. 1) Wat dink jy is die dinge wat moet gebeur en 2) wat is die dinge wat nie moet gebeur nie.

In jou eie ervaring (hier by Kerk-In-Suid of by ‘n vorige gemeente) hoe dink jy is die kerk ‘soms’ besig om met stene te bou wat nie die toets van God se doel vir die kerk sal kan weerstaan nie? OF wat dink jy trek ons aandag af om werklik kerk wees?

Twee tekste wat ons kan help om die doel van kerk en ons lidmaatskap daaraan kan verstaan:

- 1) Die groot Gebod: Matt 22:36-40
- 2) Die groot Opdrag: Matt 28:18-20

Uit hierdie twee tekste wat dink julle moet die doelwit van kerk en lidmaatskap wees?

- 1)
- 2)
- 3)
- 4)
- 5)

Uit Sondag se Erediens

Wanneer ons verstaan dat elke gemeente ons juis die geleentheid gee om hierdie doelwit uit te leef beseft mens watse groot geskenk die kerk is vir ons. Ons verstaan dan dat God eintlik vir ons baie goed was om vir ons die kerk te gee. Die kerk is ‘n geskenk want:

- 1) Jy ontdek God se doel waarvoor jy leef
- 2) Jy leef saam met God God se mense
- 3) Jy ontdek God se beginsels vir jou lewe
- 4) Jy leer ken God se gawe vir jou
- 5) Jy leer leef in God se krag vir jy lewe

Slot

Jy het die afgelope tyd gehoor dat ons by Kerk-In-Suid praat oor die volgende beginsel

“Ons gee deur ‘n gemeente en Nie vir ‘n gemeente nie. Wat verstaan jy met die standpunt?

NOTAS

IA Lewende steen – Dit is ‘n _____

SONDAG 25 Oktober 202
